


KOERSVAS

Jaargang 2 Uitgawe 36 28 Maart 2014



In hierdie uitgawe:

Redaksioneel

Nuusbrokkies

Kennisgewings

REDAKSIONEEL

Wet en orde

Die verskillende komitees wat werksopdragte ontvang het tydens die eerste Tuine Bondsvergadering, is hard aan die werk. Die herskryf/herformuleer van die Kerkorde is een van die take wat met ywer aangepak is.

Dit is 'n besondere uitdaging om die beginsels van die NHKA Kerkorde te behou in die nuwe situasie waarin GHG gemeentes hulself tans bevind. In die tussentyd struktureer gemeentes so ver moontlik hulle aktiwiteite volgens die NHKA Kerkorde, soos per besluit van die Tuine Bondsvergadering.

Die wisselwerking tussen die **eise** van die nuwe eie situasie enersyds en NHKA **kerkorde** as tussenmaatreël andersyds, is nooit as struikelblok gesien nie, maar as uitdaging. 'n Goeie voorbeeld is die hele proses wat gepaard gegaan het met Koster se beroep.

Ds Alberts is na sy aansoek om as Bondspredikant geakkrediteer te word, ingeroep en het 'n ordelike gesprek met die Kuratorium gevoer. Die Kuratorium het na gesprek en teen die agtergrond van die GHG se teologie en Ordereël 1, besluit om ds Alberts te akkrediteer. Die feit dat dit nie die Komitee is wat ds Alberts beroepbaar gestel het nie (wel geakkrediteer het), is uniek aan ons eie

situasie waar daar weg beweeg word van sentrale beheer, maar steeds by ordelike reëlins gebly word. Die bevoegde liggaam het na ondersoek van teologie en kwalifikasies besluit om 'n persoon beroepbaar (geakkrediteer) te verklaar.

In die tussentyd het 'n ordelike proses by Koster afgeloop. Die gemeente het per besluit gekies om die vakante standplaas te vul, soos per Kerkorde. Die gemeente het adverteer, advies ingewin en oorweeg, soos per Kerkorde. Na deeglike beraadslaging en oorweging is ds Alberts Kerkordelik korrek beroep. Hy het die beroep aanvaar. Sy legitimasie sal ordelik verloop, indien die aanloop enige aanduiding is.

So is dit ook in al die Bondsgemeentes. Alles geskied steeds Kerkordelik korrek, al moet daar aanpassings gemaak word. Die opstel van 'n eie Kerkorde wat vir gemeentes as riglyn gaan dien, sal nie die gemeentes se huidige optredes ongeldig maak nie. Dit gaan net die nuwe situasie beter aanspreek. Die beginsels bly dieselfde.

Ons sien uit daarna om die voorgestelde Kerkorde onder oë te neem.

NUUSBROKKIES

Beroepenuus: Prop. Louis Alberts is na Koster beroep. Hy het die beroep

aanvaar en word DV 6 April 2014 om 12:00 in die gemeente georden. Baie geluk en ons bid God's seën oor u.

Inbetalings: Dankie vir die positiewe reaksie, maar daar is nog inbetalings wat nie verdiskonteer kan word nie. Ons versoek weer: Lidmate en gemeentes wat inbetalings maak in die Bond se bankrekening, moet alle besonderhede van die transaksie, insluitende datum en waarvoor die geld geormerk is, aanstuur na ons kassier, ouderling Tom Greeff. U word versoek om alle vorige transaksies se besonderhede ook aan te stuur na tomcases@lantic.net.

BANKBESONDERHEDE:

Naam: G H G (Geloofsbond van Hervormde gemeentes)
ENB Eerste Nasionale Bank van Suid-Afrika
Rekeningnommer: **6243 092 3088**
Takkode: **250 655**

Regsrekening

Ooreenkomstig die onderneming wat aan almal gegee is om eerlik en openlik te wees ten opsigte van die regsproses, regskostes en die regsfonds wat in die lewe geroep is, die volgende inligting:

- Die regspanne het 25 Maart 2014 voor sy edele regter Fourie verskyn. Die regter se wens is dat alle hofsake, asook transporterings van eiendomme gevries word. Daarmee saam moet die twee regspanne ooreenkom oor die kern van die stryd. Hierdie kern sal dan behoorlik verhoor word, met blootlegging, ondervraging en kruis-ondervraging. Die regspanne sal oor 'n maand byeenkom en daaroor in gesprek tree. Daar sal derhalwe vir die volgende maand geen "nuwe verwickelinge" wees nie.
- Gemeentes waar die eiendomme in gedrang is, word vriendelik versoek om die Christelike weg te volg en aan te hou probeer om 'n tussentydse samewerkingsooreenkoms oor die

gebruik van die eiendomme en die gebruik van opgehoopte fondse te onderhandel.

- Gemeentes het positief reageer op die versoek om 7% van offergawes aan die regsfonds oor te betaal. Indien ons span die saak met koste wen, is die onderneming dat die gelde aan gemeentes terugbetaal kan word.
- Die Bondsvergadering sal finaal oor die bedrag en persentasie besluit en daarom word gemeentes versoek om vir vier maande die oorbetalings te maak.
- Gemeentes en individue het reeds positief reageer op die versoek.

KENNISGEWINGS

- **Koersvas en Die Skietlood:**
- Weens probleme met die internet en die adminbeampte se rekenaar het ons geen rekord van diegene wat 'n gedrukte kopie van (Jaargang 1) Koersvas en Die Skietlood bestel het nie. Dit kos R 40 per eksemplaar. U moet asseblief van voor af bestel by j.otto@telkomsa.net.
- **Bybelvasvrae:**
Bybelkennis is onvervangbaar. Die Woord van God moedig ons deurlopend aan om die Woord te bestudeer en dit te oordink. Psalm 1: 1 & 2 sê: *"Dit gaan goed met die mens ...wat in die Woord van die Here sy vreugde vind, dit dag en nag oordink."* Ontvang hiermee die nodige inligting met betrekking tot die Bybelvasvrae vir 2014. Bestek:
Die briewe van Johannes. (1; 2 & 3 Johannes)
Heidelbergse Kategismus– Sondag **1 tot 8.**
Pretoria se gemeentes hou hulle vasvrae 10 Augustus 2014.

Drukwerk:

Paul en Ella help graag met:

Gemeentekalenders	R 7.55
Verlofregister	R22.50
Kwitansieboeke	R15.35
Offergaweboeke	R6.20
Dames se kwitansieboek	R13.15
Konsistorieboek	R20.30

ella@teamworkprinters.com

Vir aandag: Kerkrade en Gemeentes,

Hiermee word u versoek om die datum van die **Bondsvergadering van die Geloofsbond van Hervormde Gemeentes** vir 2014 op u gemeentelike kalender te teken. Die besonderhede is as volg:

PLEK: Gemeente Theresapark

DATUM: 8 tot 10 Junie 2014.

Verdere inligting sal met verloop van tyd gefinaliseer en gekommunikeer word.

Vir aandag:**Alle GHG dames en Damesverenigings**

U word uitgenooi na ons dames konferensie. Die doel van die byeenkoms is om onderlinge kommunikasie te bewerkstellig en mekaar te ondersteun.

PLEK: Gemeente Theresapark

DATUM: Maandag 9 Junie 2014.

Tyd: 09:00 – 13:00

Verdere inligting sal met verloop van tyd gekommunikeer word.

Vir aandag:**Alle GHG komitees en voorsitters van komitees**

Alle Kerkrade van Onafhanklike Gemeentes

Soos u reeds weet, vind die Bondsvergadering van die Geloofsbond plaas op 8; 9 en 10 Junie 2014 te Gemeente Theresapark. Met dit in gedagte is die volgende sake van uiterste belang:

1. Alle voltooide werksopdragte en verslae van komitees moet asseblief die skriba teen 18 April 2014 bereik.
2. Op 16 Mei 2014 om 10:00 te Gemeente Meyerspark vergader alle voorsitters van die onderskeie komitees met die oog op die finalisering van die Agenda vir die Bondsvergadering.
3. Alle Kerkrade wat beskrywingspunte vir die Bondsvergadering wil indien, moet dit doen voor of op 18 April 2014.

Die sukses van enige vergadering hang af van deeglike voorbereiding. U word daarom vriendelik versoek om stiptelik by bogenoemde reëlings te hou.

Vir verpakkingsmateriaal, spysenieringsbenodigdhede en skoonmaakmiddels vir funksies van kerke en skole, skakel **MW PACKAGING by 018 381 1494**.

Stuur u gemeente se **kennisgewings en nuusbrokkies** na j.otto@telkomsa.net vir opname in die volgende Koersvas.

HERVORMDE KERK ROEDTAN

(Onafhanklik)

Datum: 5 April 2014

Tyd: 06:30

Plek: Ruimteplaas (tussen Roedtan en Naboomspruit)

Koste: R300 per voertuig+bestuurder

R50 per passasier

Laerskool-kindere en jonger GRATIS

Bring eie eet en drinkgoed, en kampstoele saam

Gasbraaiers welkom

PRYSE TE WEN

onderandere "All terrain"-buitebande

Kontak: Kobus/Santie Smit 082 944 9309

VIA DOLOROSA

PAASOPVOERING en BUIEPIEKNIK

Premiermyn Hervormde Kerk - Cullinan

Vrydagaand 11 APRIL 2014 Tyd 19:00

Paasboks R35-00 per persoon

Lasagne
Pita met hoender gevul
Spekrolletjies
Slaai
Nagereg-verrassing

R20-00 ingang per persoon

R10-00 laerskoolkindere


Bring kussing om op te sit

Bespreek by:

Alta per sms 082 682 1252

Babie 082 608 3523

Bestel asb vooraf om teleurstelling te voorkom





GROOTVLEI PLOTOPSKOP



Vrydag aand:
11 April 18:00

Mandjie dans

RaO P/P R50 P/Cooler

Saterdag:

12 April 09:00

Boeremark

**SAT
GRATIS
INGANG!**

Stalletjies, Musiek, Biertuin,
Veiling, Fietstrap,
Watersports, Boeresports....

Potjie kompetisie

Geborg deur: Les Marais Spar

SPAR 

Fantastiese pryse!

Moenie die kans misloop nie!

KONTAK: 082 838 6303/082 821 5424
grootvlei1@gmail.com

GPS: S25° 30'01.3" E28° 15'14.1"

Hoewe 242 Eland str Waterval Pyramid